# Jou Geestelike Bestemming.

Dr Gerrie de Haas

admin@gedaministries.co.za

# JOU GEESTELIKE BESTEMMING:

Voordat jy nie ten volle besef dat jy ontwerp is en beplan is vir magtige en groot dinge nie, sal jy nooit verstaan wat jou geestelike potensiaal is nie.

1. Jou geestelike bestemming.
2. Die oordra van ‘n mantel.
3. Wie is God?
4. Wat dan is die sin van die lewe?
5. Die bron van bonatuurlike krag.
6. Die liefde van Golgota.
7. God die saaier en die boer.
8. Die toetse in jou lewe.
9. Die leë huis.
10. Hoop.

# JOU GEESTELIKE BESTEMMING

Dis nou tyd dat ons volkome moet fokus op die oes wat moet inkom. Die oes beteken nie net om ongereddes tot bekering te help kom nie. ‘n Groot deel van die oes is vir sekere plekke om die arbeiders toe te rus vir hulle taak.

**Handelinge 26:17-18;**
‘Terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en ‘n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang’.

Voordat jy nie ten volle besef dat jy ontwerp is en beplan is vir magtige en groot dinge nie, sal jy nooit verstaan wat jou geestelike potensiaal is nie. Jy sal nooit besef wat die moontlikheid is om soos ‘n koning te regeer hier op aarde nie.
Jy is nie net op aarde as deel van ‘n ongeluk nie.
Jou doel hier is beplan en uniek.
Jy is beplan om hier te wees, in die 21ste eeu, om jouself ten volle aan God se heerskappy te onderwerp sodat Sy koninkryk hier op aarde gevestig kan word. Dis so belangrik dat jy vandag hier moet uitgaan om jou spesifieke geestelike bestemming te ontdek.

Om te verander begin by jou. Soos jy dan begin verander binne in jou, sal die wêreld om jou ook verander. Hoe meer jy gaan besef wie jy regtig in Christus is, hoe makliker gaan dit wees om die waarheid oor jouself uit te vind. Dis eers wanneer die seuns van God gaan begin loop in die waarheid van hulle roeping, dat hulle restorasie in ander mense se lewens gaan begin bring.

Ons fokus so diwels op ander persone se seëninge.
Dit maak dat jy jou eie seëninge mis en dit bring net jaloesie, haat, gierigheid en bitterheid. Tel jou seëninge elke dag want dit bring liefde, vrede, hoop en vreugde.

Twee skrifte: ***Jesaja 60:1***
**'**Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op.’

***Josua 3:4 laaste deel;***
‘Maak reg, sodat julle die pad kan weet waar julle langs moet trek; want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie’.

Verandering het alreeds gekom. Ons moet net almal in pas kom.
Ons is in die dae waar die oes begin inkom – kritiese dae.

Die leiers – ons die arbeiders – is besig om oor die laaste hekkies te kom om die werk te doen.In ons pad staan ‘n desperate duiwel, en hy weet sy tyd is kort. Loop versigtig.
Gister en eergister het julle nie hierdie pad geloop nie.
Alleenlik God kan ons nou weer uitbring uit Egipte.
Net Sy beskerming kan ons deur die wildernis van die oestydperk neem.
Net Sy magtige hand kan die nuwe land vir ons wys.

Mense, ons het iets om te gaan doen wat ander nie vir ons kan doen nie, en net die arbeiders gaan weet hoe om dit te doen.
Jy meneer, het iets om te sê wat net jy kan sê.
Moet net nooit twyfel dat jy hier is om deel te kan wees van die laaste groot beweging op aarde nie.

LaDonna Osborn het altyd gesê: ‘Daar is ‘n God. God het ‘n plan. Daardie plan werk altyd. En daardie plan sluit jou in’.

Politiek en die politieke arena het nog nooit regtig die wêreld verander nie – of dit in die kerk of in die regering is, of nie.
Slegs persone wie se harte verander is deur die evangelie kan die toekoms van mense en nasies positief verander.
Politiek kry dit deesdae reg om alles negatief te beïnvloed. Daarom het die evangelie en politiek deur die jare net nooit goed gemeng nie.
Politiek is slegs daar om mense te probeer beïnvloed, deur hulle oppervlakkig goed te laat voel. Die Woord van God word uitgedra aan mense, daarna is dit hulle keuse om aan te pas daarby en dit na te volg.

Ons moet verstaan dat God ‘n sentrale fokus-punt het waarom alle aspekte van ons lewens draai.
Tydsberekening is een van die belangrikste punte. Deur op die regte tyd te beweeg kan mense se lewens vorentoe gaan met God, of verhinder word. Nasies kan geestelik vooruit- of agteruit gaan.
Lewe in die gees het ‘n tydsberekening, net soos die lewe in die natuurlike.
Daarom is dit so belangrik dat ons gelei moet word deur die Gees.
Ons moet leer dat dit nie altyd reg is om in aksie te kom net omdat dit lyk asof dit reg is nie.  Hierdie gehoorsaamheid kom slegs na seisoene van bid en intersessie.

Ons as leiers moet dit nastreef om ‘n kerk hier te bou – ‘n kerk waarin die lering van die Woord en die fondasies van kerk weer strook met dit wat in die Handelinge-kerk gebeur het.
Daarom moet ons niks as ‘nuut’ sien nie – dit het alles alreeds gebeur.

***Efesesiërs 4:11-13;***
‘En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons

almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus.’

Ons het vroeër daaroor gepraat dat onvolwassenheid in leiers en ook in die kerk, een van die grootste struikelblokke is.
Leiers wat net nog nooit hulle tekortkominge kon raaksien en erken nie. Al wat hulle ken is om te kritiseer en elke werklike beweging van die Gees af te maak as niks nie. Hierdie apostoliese bediening waaroor Paulus skryf, het nie gestop na die dood van die eerste dissipels nie. God se nuwe verbondsbeginsels is veronderstel om net voort te gaan totdat Jesus terugkeer. Die fondasies van die kerk word gebou op die apostels en die profete, met Jesus as die Hoeksteen.

Groot outoriteit kom met hierdie bedieninge en ek glo dat God kies diesulkes en rus hulle toe vir hulle dienswerk.Ons moet net nie beïnvloed word deur ons gebrek aan kennis nie.
Leiers word geroep en uitgestuur sodat die groot opdrag uitgevoer kan word. Hulle is die lig in die wêreld en is bereid om Satan se duisternis te penetreer.

Ons kan nooit vrede maak met ons verledes, deur die krag van nou te gebruik nie.
Die grootste gevaar is dat kerke groei tot op ‘n sekere hoogte en dan bly ons daar, want dis gemaklik.
Wanneer ons God gehoorsaam, sal sukses kom.
So, moet nooit bang wees daarvoor nie.

Om sukses goed te administreer moet ons onsself hou in die middel van die Heilige Gees se krag en luister na Sy leiding en nie na ons eie nie. Dit is slegs deur die krag van die Gees en ‘n hongerte vir God dat ons kan ingaan na die volgende vlak.
Soek aanhoudend na die volheid van die Heilige Gees vir jouself.
As jy geroep word, sal jy verantwoordelik gehou word.
Wees is alles net aan God gehoorsaam – Hy sal die fyner besonderhede self hanteer. Ons is nie geroep om êrens op te gee nie.
Ons is geroep om God te gehoorsaam, ten alle koste, en die sukses van jou bediening sal genoeg wees vir diè wat jou kritiseer.

Dit is hier waar ons almal baie wysheid en openbaring van Bo moet ontvang. As dit lyk of jy ‘n harde area in jou lewe of bediening bereik, moet net nooit huil en kla nie.
Moet nie jou eie afleidings maak nie – bid net!
Verduidelikings en verskonings beroof ons van ons sterkte en krag.
Jy mag nie jou kop skud en weghardloop nie.

Gebruik die outoriteit wat aan jou gegee is deur Jesus Christus en trap op die demoniese magte wat mense verblind.

Deur gebed, neem outoriteit en maak 'n skoon pad oop vir die Heilige Gees sodat Hy die harte van mense kan bedien.

Strek jouself nou uit na God toe en weet dat as jy so naby Hom kom dat jy jou vinger in die ligskakelaar kan indruk, moet nie verbaas wees dat dit 'n skokkende ondervinding sal wees nie.
Dit wat sal volg, is van Hom af!

Moet nie bekommerd wees oor die slegte sypaadjies nie – ons is veronderstel om te fokus op die hoofweg. Fokus op die waarheid, en alles wat vals is sal van jou af wegval. Wanneer God se krag oor jou kom sal jy dinge begin geniet. Jy sal sê: 'Wel, mense praat oor ons, maar wat daarvan?'
Die waarheid is altyd sterker as die leuen.
Wat mense nie verstaan nie, sal hulle altyd vervolg en kritiseer.
Hulle het gelieg oor Jesus, maar Hy lewe nou nog! Wanneer mense die ware aanraking van God kry sal hulle hul gedagtes verander.

As jy 'n leier is, word jy spesifiek deur God beveel om die Heilige Gees te gehoorsaam en saam met Hom te vloei.
Die Bybel sê in ***Romeine 8:14;***
'Want almal wat deur die Gees van God gelei word, diè is seun en kinders van God'.
So gaan uit en lei – leiers lei mense!
As jy deur die Heilige Gees gelei word, sal visies vermeerder in die kerk. Ons moet net geestelik so sterk wees, dat ons enige aanval van die bose kan weerstaan. Die hele kerk word deur 'New Age' leerstellings bedreig, wat alles gesetel is in die verkeerde gees.

Die geesteswêreld hou beide God en die demonies daarin.
As die Heilige Gees nie jou leidsman is nie, sal jy blootgestel wees aan demoniese magte. Ons is niks sonder die Bloed van Jesus Christus nie.
As ons die Heilige Gees volg, sal Hy jou suiwer hou.

God is besig om die bo-natuurlike terug te plaas in Sy kerk.
So baie mense is ongelukkig bang daarvoor, net omdat hulle nie reg geleer is nie. God het al vir sommiges van julle gesê om in die kerk vir die siekes te bid, maar julle het nog nie!

God het gekom om die werke van die duiwel te vernietig en nie om maar net saam met die ellende te lewe nie.
Die kerk moet opstaan en leer hoe om die verwoester te hanteer en lewe terug te bring na mense toe.

Elke bediening en kerk moet mense hê wat tekens en wonders en profetiese woord het, want dit is God se opdrag.

**MY EIE BELEID:**

* Terwyl daar vrouens huil, soos hulle nou huil, sal ek aanhou veg.
* Terwyl daar kinders is wat honger gaan slaap, sal ek aanhou veg.
* Terwyl mans hulle huise verlaat en rondloop, sal ek aanhou veg.
* Terwyl daar nog 'n dronkaard oor is en jong mense aan 'drugs' verslaaf raak, sal ek aanhou veg.
* Terwyl jong meisies nog in die straat ronddwaal, en daar nog een donker siel op aarde is, sonder die lig van God, sal ek aanhou veg.
* Ek sal aanhou veg teen die mag van duisternis, totdat ek moet gaan.

.....

# DIE OORDRA VAN 'N MANTEL

Die eerste Reformasie het in die vroeë 16de eeu begin met Martin Luther en sy manne.
Die waarheid het in hulle gedagtes 'n werklikheid geword. Dit het gemaak dat hierdie manne kon bly staan teenoor die teologiese tradisie.

Waaraan het hulle vasgehou?
Aan die Bybel wat sê: 'Ons is regverdig gemaak deur geloof in die bloed van Jesus Christus – en dit alleen is genoeg'.
Hierdie 'nuwe' boodskap het soos 'n veldbrand oor die hele Europa versprei, danksy die drukwerk van Johannes Gutenberg.

Die tweede Reformasie in die vroeë 1900's was die restorasie van die eksplosiewe krag van werklike Pinkster.
Met dit gaan die bewys van die Heilige Gees se werking met tale spraak en Geesvervulling.

Ons is nou in die derde dag se Reformasie.
Dit is nie die dag van die swartman of die witman of die geelman nie.
Dit is die dag van die 'Nuwe man'.
Jy en ek is geroep tot grootheid – 'chosen for greatness'.

***1 Korinthiers 2:12;***
'Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het'. Engels: 'We have the mind of Christ'

Aan ons is die gawe gegee om die restorasie te beleef en om die Gedagtes van God te hê.
Deur die vermoë van Sy gees in ons kan ons nou vir die wêreld gaan leer wat God se laaste planne vir die mensdom is.
Ons as leiers moet dit nastreef om 'n kerk te bou – 'n kerk waarin die lering van die Woord en die fondasies van kerk weer strook met

dit wat in die Handelinge-kerk gebeur het.
Daarom moet ons niks as 'nuut' sien nie. Alles het alreeds gebeur.

***Efesesiërs 4:11-13;***
**'**En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus'.

Hierdie apostoliese bediening het nie gestop na die dood van die eerste dissipels nie. God se nuwe verbondsbeginsels is veronderstel om net voort te gaan totdat Jesus terugkeer.
Die fondasies van die kerk word gebou op die apostels en die profete, met Jesus as die Hoeksteen.
Groot outoriteit kom met hierdie bedieninge en ek glo dat God kies diesulkes en rus hulle toe vir hulle dienswerk.
Ons moet net nie beïnvloed word deur ons gebrek aan kennis nie.

Leiers word geroep en uitgestuur sodat die groot opdrag uitgevoer kan word. Hulle is die lig in die wêreld en is bereid om Satan se duisternis te penetreer.
Die grootste toets van leiers is nie die area van vervolging en aanval nie, alhoewel baie al daar val.
Die grootste toets kom in die vorm van persoonlike mag en sukses.

Ons mag nooit dink dat 'ons het dit gemaak' nie.
Dis wanneer leiers begin om mense te dikteer met eie persoonlike krag. Om op ander vlakke sukses te behaal beteken nie dat jy dit ook net in die kerk kan doen nie.

Sukses bring veelvuldige kanale en strome en as ons daarin verstrik raak, bevind jy jouself gou in 'n orkaan van wind.
Ons kan nooit vrede maak met ons verledes, deur die krag van nou te gebruik nie. Die grootste gevaar is dat ons en ons kerke groei tot op 'n sekere hoogte en dan bly ons daar, want dis gemaklik.
Wanneer ons God gehoorsaam, sal sukses kom.
So, moet nooit bang wees daarvoor nie.

## DIE OORDRA VAN 'N MANTEL:
Wanneer 'n bediening opereer op dieselfde vlak as die bediening wat voor hom was, noem ons dit dat die mantel van die eerste bediening, oorgegaan het na die daaropvolgende een.

'n Mantel is 'n geestelike term wat in die natuurlike beskryf kan word as 'n oorkleed of 'n 'shawl'.

Wanneer jy ‘n ‘mantel’ dra, dan opereer jy op dieselfde vlak as die bediening waarin jy dit ontvang het.
Moet nie dat kritiek en teleurstellings jou verhinder nie. Ek glo dat God elke dag mense bymekaar plaas om hierdie roeping te vervul.

Daar kom altyd ‘n tyd waar jy leer en in opleiding is: ‘n tydperk om **saam** met Jesus te loop.
Daarna kom die tydperk dat jy uitbeweeg, en **vir** Jesus begin loop.

As jy geroep word om in ‘n bediening te staan, onthou:
Jou familie moet belangrik vir jou bly. Hulle mag nooit van jou afgesny word nie. Al sien jy hulle nie oog-tot-oog nie, dit maak nie saak nie. Baie van julle is hier, net agv die gebede van jou familie – bloed is dikker as water.

As alles skielik verkeerd loop is dit die tyd wat jy kan staatmaak op jou familie – vir liefde en sorg en verstaan. As jy nie christen-familie het nie, is dit verseker baie moeilik. As jy jou familie afsny, dan sny jy outomaties ook ‘n deel van jou erfenis af.

Jy kan net nooit werklik maklik geestelik tot bo groei, as jy die Woord van God afmaak nie. Daar staan in ***Efesiërs 6:1-2***;
‘Kinders julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.
Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met ‘n belofte’.

Om in die bediening en herlewing te staan, beteken om ekstra gewig te dra.
Dus al drie: gees, siel en liggaam moet versterk word.

Alles begin in die gees: geestelike hongerte en openbaring.
Daarna kom die emosies en die liggaam ook in pas.

Die werk wat God deur jou wil doen, mag nie kortgeknip word deur emosionele of liggaamlike toestande nie.

Om te bid in die Gees, maak God se wil oop in jou gees.

Jy hoef nie dan meer afhanklik te wees van andere nie – jy kan self in die gees God se opdragte ontvang.
Dis wanneer jy begin weet wat God van jou verwag.

Tale-spraak, soos in Handelinge, is absoluut noodsaaklik.
Ons word net te veel deur ons eie taal beperk as ons bid, en dan weet ons nie altyd hoe om te bid in sekere situasies nie.

Jy kan hemel toe gaan sonder die doping of vervulling van die Heilige Gees, maar dit is nie God se groot begeerte vir jou nie.

.....

# WIE IS GOD?

Terwyl die mens dieper en dieper in duisternis verval elke dag is hierdie ‘n vraag wat die wêreld al meer vra: Wie is God dan?
Hulle wil weet wie is hierdie God wat ons aanbid, wat volgens ons kragtig en bonatuurlik is.
Ons moet gereeld aan mense verduidelik dat dit ‘n God is wat wonderwerke laat gebeur vir eeue al en dat Hy ‘n God is wat sonde haat, maar sondaars liefhet.

Ek en jy weet vandag dat dit ‘n God is wat Sy Seun aarde toe gestuur het om Sy liefde aan ons te bewys.
Dis dieselfde God wat wonderwerke, genesings, bevrydings en tekens in die Ou Testament gedoen het.
Dis die God wat dieselfde tekens in die vroeë kerk deur die apostels gedoen het en wat ‘n begeerte het dat dieselfde vandag deur Sy liggaam, die kerk, moet gebeur. Al hierdie dinge is moontlik vir enige iemand wat in Hom glo en hulle vertroue in Hom gestel het.

Vandag weet ons dat deur Sy bonatuurlike krag dit moontlik is vir ons om te kan staan teen siekte en beproewing en enige aanslag wat na ons toe aankom.

Ons lewe saam met ‘n generasie wat soveel ongeantwoorde vrae het. Ook hulle het ‘n honger en ‘n dors na Hom.
Oor die jare het godsdiens nog nooit hierdie honger gestil nie en daarom die begeerte om in ‘n dieper verhouding met Hom te staan.

Normale mense in die kerk wil vandag weet:
* Doen God vandag nog wonders?
* Kan rituele, reëls en regulasies regtig iemand verander?
* Deur wie kan God vandag nog wonderwerke doen?
* Kan enige persoon ‘n wonderwerk ontvang?

Die antwoord lê daarin dat ons vir die wêreld moet kan wys hoe om in oorwinning te loop, ten spyte van ‘n gevaarlike en opponerende sisteem. Die groot doel is dat ons elke dag moet leer hoe om in die salwing van God se Gees te wees, met die einddoel om in Sy heerlikheid te kan wandel.

God se groot doel in die lewe is dat almal die wonderwerk van wedergeboorte moet ontvang. Daarna moet ons dit vir die wêreld kan gee en self in die bonatuurlike begin lewe.

As ons begin by die begin sien ons hoe God die hemel en die aarde en alles daarop geskape het.
Al kan ons dit nie altyd verstaan nie, bly dit ‘n werklikheid.

Die mens het nog altyd probeer om God te leer ken deur sy verstand en intellek, maar dit was onmoontlik.
Al hoe ons God kan ken is deur sekere openbaringe van Sy kant af. Hy wou nooit gehad het dat Hy vir ons ontoeganklik of vreemd moes wees nie. Hy het nog altyd 'n begeerte gehad om ons intiem te ken.

Al hoe God aan ons Sy lewe kon openbaar, was om vir ons Sy Heilige Gees te stuur. Dis deur die teenwoordigheid van Sy Gees in ons, dat ons Hom kan ken. Hy praat en kommunikeer met ons deur Sy Gees.
God self is Gees en ewig. Hy beweeg in die dimensie van ewigheid.

***Jesaja 57:15;***
'Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon'.

Deur Sy Gees kan God aan ons sekere openbaringe gee wat nodig is. God gee in die Bybel aan Petrus 'n openbaring dat Jesus die Messias is: Jesus sê daaroor: ***Matteus 16:17;***
**'**Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is'.

God sal deur openbaring aan ons wys hoe Hy voel oor 'n saak.
Hy sal vir ons wys waarna Hy nou kyk en wat Hy nou hoor.
Die doel daarmee is dat ons soos Hy kan optree en heers oor die natuur en oor tyd. Die probleem is dat 'n mens geneig is om iets wat hy nie verstaan of begryp of kan doen nie, te verwerp.

Die bron van alle openbaring is die Heilige Gees.
Dis deur die Gees dat ons 'n kanaal het om God se wysheid en kennis oor 'n spesifieke saak te kan kry. Die Heilge Gees hoor wat in die hemel gesê word en kom herhaal dit dan aan ons hier op aarde. Ons kan God nooit ken sonder Sy Heilge Gees nie.

Paulus het baie goed verstaan dat menslike wysheid en filosofie nie in staat was om die bonatuurlike krag te produseer wat nodig is om God se Woord te preek of om in 'n kragdimensie te beweeg nie. Daarom skryf hy oor God se wysheid:
***Kolossense 1:25-27;***
**'**Waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul, naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid'.

Waarom moet ons na openbaring in die wêreld soek as al die skatte van wysheid in Jesus gevind kan word?

***1 Korinthiërs 2:9;***
**'**Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet'.

Die enigste manier om God te ken en aan Hom verbind te wees in die bonatuurlike onsienlike staat, is deur geloof.
God is altyd die een wat kies om Homself aan ons te openbaar.
Daarom moet ons op Hom en Hom alleen staatmaak. Hy sal die manier waarop Hy homself aan jou wil openbaar, self kies.
As dit nie so was nie, sou niemand Hom ooit geken het nie.

Elke keer as jy 'n spesifieke droom droom of 'n visioen sien of 'n gesig sien of iets net weet, is dit God wat dit aan ons openbaar deur Sy Heilge Gees. Elke keer is dit Hy wat wil hê dat ons vir siekes moet bid of mense bevry, is dit Hy.
God het dit wat Hy in die Ou Testament alleen kon doen, vir ons kom moontlik maak deur Jesus Christus.
Dit wat gedoen is: Al die natuurwonderwerke, mense weer gesond en lewendig gemaak is – alles het Hy vir ons kom gee.
Die voorwaarde?
Dit sal eers vir ons moontlik wees deur die offer van Jesus Christus.

Het Christus dit ook alles gedoen?
Ja. Dis waarom Hy altyd gesê het: Ek doen niks as My Vader in die hemel nie vir my sê om dit te doen nie.

Jesus het ook gesê: Ek is die weg en die waarheid.
Niemand kan na die Vader gaan as hy dit nie deur My doen nie.
Nou, nadat Jesus hemel toe gegaan het kom die verdere stap:
'Meer as wat Ek gedoen het, sal julle doen'.
Die bron van alles? God self.
Weereens: Hy openbaar Sy wil in ons deur Sy Heilige Gees.

Maar, God openbaar homself aan niemand wat Hom nie wil ken, of aan hulle wat kies om nie in 'n verhouding met Hom te staan nie.
Dis die rede hoekom Jesus sekere geheimenisse van Sy koninkryk nie aan die Skrifgeleerdes van Sy tyd openbaar het nie.
Inteendeel, Hy sê: 'En gooi julle pêrels nie voor die varke nie!'
Jesus het spesifiek in vergelykenisse gepraat om sekere waarhede nie bekend te maak aan diegene wat God nie wil ken nie of oor Hom wil redeneer.

God se openbaring berus op:
* God se tyd, en
* God se wil.

Soveel gelowiges en leiers en manne van God het geen idee wat God vir hul sê of in hul persoonlike lewens doen of in hul gemeentes nie, net omdat hulle nie die openbaring van God het nie. God het ook aan ons die belofte gegee dat Hy in die laaste dae kennis sal vermeerder want dit is Sy begeerte om die wêreld te vul met Sy heerlikheid. Hierdie manifestasie sal elkeen van ons deelagtig wees in die dae wat kom.

Jou geloof sal die sterkste wees in die area waarin jy die grootste openbaringskennis van God het. Daarom ook sal jou geloof die swakste wees in die areas waar jy min openbaring het.
**Belangrik:**
Die vyand sal maklik 'n vesting in jou kan bou waar daar min van God se kennis en openbaring in jou lewe is.
Daarom is die opdoen van kennis in hierdie dae so belangrik.

**Opsom**: Dis so belangrik dat ons vervul moet met God se Heilige Gees. Dit plaas ons in 'n posisie om voortdurend met God self so in kontak te bly.
Hoe het Jesus alles kon doen wat Hy gedoen het op aarde?
Deur direkte kontak met Sy Vader God, deur die Heilige Gees.
Wanneer het dit begin?
Toe Hy vervul is met die Heilige Gees met Sy doop.

Waar het die duif, as die Heilige Gees, vandaan gekom om op Jesus te kom sit? Van God af, uit die hemel uit.
Om daarna altyd in Jesus te wees tydens Sy bediening.

Net so moet ek en jy onsself op die plek kry waar ons dit ook kan ontvang.
Alles sal dan met tyd vir ons moontlik wees deur Christus Jesus.

.....

# WAT DAN IS DIE SIN VAN DIE LEWE?

Daar kom 'n dag dat jy besef daar is 'n roeping op my lewe.
God wil my nie eendag net in die hemel hê nie, Hy wil weet wie gaan ek saambring.
Jy moet besef jy is soos 'n spieëltjie. God wil Sy strale weerkaats vanaf jou spieël dat dit kan inskyn in plekke waar daar nog nooit lig was nie. Dit kan ook vanaf jou weerkaats in die harte van mense wat God graag wil aanraak.
Solank as wat ons besef dat die strale en die lig God is, en ek en jy net die spieëltjie wat Hy wil gebruik.

Die sin van die lewe is om te besef dat die doel van jou bestaan is baie groter as jou persoonlike ideale, jou vrede en selfs jou geluk.

Die dag wanneer jy die sin van jou lewe ontdek is dit selfs groter as jou wildste drome en ambisies.
Dis alleenlik moontlik die dag as jy God persoonlik ontmoet.
God is die begin van alles en Hy het jou geskape vir Sy doel.

Jy kan jouself nooit ontdek terwyl jy besig is om die antwoorde by jouself te soek nie. Daardie vrae in jou gedagtes draai net om jouself en hoe jy jouself sien.
Moet dus nooit jou toekoms in jouself soek nie.

***Job 12:9-10;***
**'**Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die HERE dit gemaak het nie? In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees'.

Dit beteken net dat omdat jy nie jouself gemaak het nie, jy nooit sal weet waarom en vir wat God jou gemaak het nie.

As ek alleenlik 'n nuwe masjien vir jou gee sonder om die handleiding saam te gee, hoe sal jy weet hoe die masjien werk en waarvoor dit gemaak is? Slegs die ontwerper sal weet – Hy het jou gemaak.

Ek glo dat elke mens 'n unieke doel op aarde het en om daardie waarheid te ontdek, is alles in jou lewe.
Dis die waarheid waaraan elkeen van ons moet vashou.
Hy is nie net jou begin nie, maar ook jou voortsetting en jou einde.
Die doel is net vir ons om dit te ontdek. Daar is geen goeie einde as ons verkeerd begin nie. Alle ander paaie is doodloopstrate.

So baie keer is ons in 'n situasie waar ons net nie alles om ons raaksien nie.

**Verhaal van die jagter:**

Daar was eenmaal 'n jagter wat 'n nuwe geweer gekry het en hy was angstig om in die veld te kom om dit te toets.
Hy was net 'n rukkie in die veld toe daar 'n donderstorm losbars.
Hy wou nie dat sy geweer nat word nie en het dadelik in die naaste grot in die berge gaan skuiling soek. Hy gaan sit op 'n klip in die grot en hoop dat die reën vinnig verby sal gaan.
Dis redelik donker in die grot maar hy was oortuig alles sal nou verby wees. Ongelukkig hou dit toe aan met reën  Hy wou nie sy geweer laat nat word nie en dus het hy besluit om net daar te bly.
Hy begin koud kry en maak toe stokkies en takkies bymekaar en gou-gou was sy vuurtjie aan die brand.
Hy het heel rustig daar gesit in die skemerlig – op sy gemak.

Toe die vuur hoër begin brand en daar skielik lig in die grot inkom was sy verbasing groot. Daar was ook 'n groot slang en twee groot likkewane in die grot saam met hom! Hy gryp net daar sy geweer, maak hom toe onder sy paadjie en hardloop huistoe.

Hoeveel keer vind ons onsself nie in so 'n situasie nie.
Terwyl dit donker om my is, is ek op my gemak. Niks bedreig my nie en ek sien nie die nodigheid om enige verandering in my lewe toe te laat nie. Soms sit ek ongelukkig te lank daar.
Ellende oorval my dan vanaf 'n plek wat ek nooit verwag het nie.

God het ons nog nooit in die donker gelaat dat ons moet wonder waaroor die lewe gaan nie.
God is nie net die beginpunt van jou lewe nie, Hy is die lewe!
Wat dan is die foute wat ons eers maak voordat God 'n kans kan kry om ons koppe oop te maak?

Een van die moeilikste lesse in die lewe is om dinge te laat gaan.
Of dit nou skuldgevoelens, woede, liefde, vrees of verraad is.
Om te verander is nooit maklik nie. Dis ons natuur om te veg en vas te hou en ons veg om dinge nie te laat gaan nie.

Hoe lank wonder jy al waarom jy hier is en waarom God jou gemaak het?

Ek lees van 'n Rus in Moskou wat skryf dat hy by die kruispad van sy lewe gekom het. Hy het nie geweet waarheen nou nie.
Terwyl hy so sit en dink wat is die sin dan van die lewe, kom daar skielik woorde in hom op. Die woorde herhaal net in sy gedagtes: 'Sonder God maak die lewe nie sin nie'.
Nou vir 'n Rus is dit nie normale gedagtes nie!
Hy skryf dat hy net daar opgestaan het en in God se Lig ingeloop het.

God het elkeen van ons gemaak met 'n doel. Hy het aan jou gedink nog voordat Hy die wêreld gemaak het. Hy maak jou op die einde met net één doel: Om jou lief te hê. God is nie net lief vir jou nie, Hy is liefde! God het nie alleen gevoel toe Hy jou gemaak het nie – Hy het jou gemaak om Sy liefde in jou te kan instort.

Die vrae vandag is net:
* Waar is daardie liefde nou in jou?
* Was daar al geleenthede of omstandighede in jou lewe wat vir jou 'n aanduiding was dat daar iets spesiaal vir jou beplan is in hierdie lewe?
* Het jy al daardie diep liefde wat God vir jou het, persoonlik gevoel?
* Hoe sal jou lewe verander as jy werklik begin besef dat God 'n doel met jou het en jou regtig liefhet?

Die volgende vraag is nou:
* Wat dryf jou in die lewe?
* Wat is die dryfkrag agter al jou besluite elke dag?

Jy mag dalk vandag gedryf word deur 'n probleem of werksdruk of 'n afsnypunt in jou lewe.
Of jy word dalk gedryf deur pynlike herinneringe of vrees dat iets gaan gebeur of onsekerheid oor jou werk of 'n dreigende siekte.

So baie mense word gedryf deur skuldgevoelens en hulle lewe elke dag net om van hulle skaamte en hulle gedagtes aan die verlede weg te kom.
Die slegte nuus is dat ons toelaat dat ons verlede ons toekoms beheer. Weet dat jou skuldgevoelens tussen jou en God staan.

Vroeg al in die Bybel lees ons dat Kaïn sy broer Abel doodgeslaan het. Die skuldgevoel in hom het hom verwyder van die teenwoordigheid van God se liefde vir hom.

God sê vir hom in ***Genesis 4:12;***
''n Swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde'.

Dit beskryf soveel mense vandag: Hulle vlug weg van die verlede en gaan deur die wêreld sonder 'n doel.

Liewe mense: Ons almal het 'n verlede.
Daar is keuses wat gemaak moet word:
Dié wat kan vergewe en klaarmaak met die verlede sal hulle lewens kan herbou en 'n wonderlike toekoms hê.
Dié wat dit nie kan regkry nie, sal kreupeles wees vir die res van hulle lewens. Dis die keuse.

Ons is almal produkte van ons verlede, maar ons hoef nie gevangenes daarvan te wees nie. God se doel vir jou lewe is nog nooit beperk deur wat in jou verlede gebeur het nie.
Staan daar nie in die Bybel dat God 'n moordenaar soos Moses Sy grootste leier ooit gemaak het nie?
Of dat 'n lafaard soos Gideon 'n held kon word nie?
Net so kan Hy nog wonderlike dinge in hierdie laaste deel van jou lewe laat gebeur.

***Psalm 32:1;***
**'**Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is'.

Mense word ook gevangene gehou deur **wrokke in hulle lewe**.

Loop jy rond met 'n wrok in jou lewe wat maak dat jy nie God se doel in jou lewe kan ontdek nie?

Die maklikste manier om daarvan ontslae te raak is om deeglik na jou eie hart te kyk. Baie keer kom daar ‘n wrok in jou hart sonder dat jy eers daarvan bewus is.

Wanneer ’n spesiale vriend, of ‘n ou vriendin, ‘n kollega of ‘n familielid hulle neuse optrek vir jou op die verkeerde tyd, gebeur daar iets: Skielik is hy daar – ‘n wrok.

Nou sit hy en hy krap en krap en krap in jou.
Elke keer wanneer daardie mens iets doen wat jou aan daardie gewraakte dag laat dink, spring elke haartjie in jou nek orent!
Húlle was verkeerd en húlle moet dit regmaak!
Is mos.

Dis baie moelik om daarvan ontslae te raak omdat jy wéét dat jy sou nooooit so iets aan hulle gedoen het nie.
Jy is tog immers nie agterbaks of skynheilig nie. Of is jy?
Hoe gaan jy nou daar uitkom?
Moet nie nou oor-en-oor sit en dink aan wat gebeur het nie.
Nee, dit gee net aanleiding tot emosies.

Gaan sit nou en kyk na jouself.
Kyk of daar nie maar ook net sulke swak eienskappe in jou is as wat daar in jou vriendin is nie.
Jy sal sien hoe jy ook maar net aan dieselfde dinge skuldig is – dalk net op ‘n ander manier.

Ek persoonlik word maklik gegrief deur mense wat sleg bestuur en onverstandig optree op ons paaie, en ek sê dit soms sommer.

Nou die dag ry ek ingedagte ook oor ‘n stopstraat!
Nou moet ek sowaar ook gaan sit en almal vryspreek wat ek so maklik verwyt het.  Ook maar net mens.

**Kom ons som op:** God het ‘n doel met jou lewe en Hy beplan allerhande wonderlike dinge ook vir my en jou.

Wat met ons gebeur is nie altyd wat ons wil hê nie.
Wat ons moet deurmaak leer ons tot wat ons in staat is.
Om op te gee beteken nie altyd dat jy swak is nie. Soms beteken dit dat jy sterk genoeg is en in staat is om sekere dinge te laat gaan. Laat staan nou net die opstandigheid en maak klaar!

Wat dan is die sin van die lewe?
Om te word en te wees dit wat God van die begin af vir ons beplan het. Om daarby uit te kom en daarvan ‘n sukses te maak, is die doel van die lewe.
Glo en tree op asof dit onmoontlik is om te verloor.

# DIE BRON VAN BONATUURLIKE KRAG:

Daar bestaan twee realms:
Die natuurlike, en die bonatuurlike realm.
**Die natuurlike realm** is die dimensie wat onderhewig is aan die wette van tyd, ruimte en materie.
Dit is die dimensie wat ons kan waarneem met ons natuurlike sintuie.

**Die bonatuurlike realm** opereer bo enige natuurlike wette.
Dit is die dimensie wat opereer buite natuurlike wette.
Dié dimensie is vir ewig permanent, onsigbaar en nie gebonde aan tyd nie. Die bonatuurlike dimensie kan deur ons Christene alleenlik deur geloof binnegegaan word.

***2 Korinthiërs 4:18;***
'Omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig'.

In die bonatuurlike dimensie is daar bonatuurlike kragte waardeur tekens en wonderwerke plaasvind.

Daar is ook natuurlike wonders in die bonatuurlike.
Een van die wonders wat mense nog altyd aangegryp het is opgeteken in ***Josua 10:12-13;***
'Toe het Josua met die HERE gespreek, op die dag dat die HERE die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil in Gíbeon, en maan, in die dal van Ajalon! Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande. Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent 'n volle dag'.

Dit was vir God moontlik om die oorlosie onmiddelik te stop.
Toe God dit vir Josua gedoen het, sê die Woord: 'En die son het bly staan...'

Met al die kennis wat ons vandag het weet ons dat die aarde in 'n baan om die son gaan, en nie andersom nie, en dat die aarde om sy eie as draai.
Toe Josua die opdrag gegee het, is dit die aarde wat stilgestaan het, nie die son nie. Hierdie was suiwer hoe Josua dit in daardie tyd verstaan het. Nietemin, God het dadelik op sy versoek reageer.

Die hele Bybel is vol van die wonderwerkende krag van God, en dis opgeteken dat ons kan leer dat daar krag is in die bonatuurlike.

Die laaste tydjie van Jesus se lewe was net een groot wonderwerk. Ons sien Jesus sterf aan die kruis. Daarna daal Hy af in die hel om die sleutels van die dood by Satan af te neem. Daarna word Hy weer lewendig en word later opgeneem in die hemel. Vanuit die hemel stuur Hy Sy Heilige Gees aarde toe om hier in mense te kom woon.

Die vroeë kerk het funksioneer op die wonderwerkende krag van God deur die Heilige Gees. Dis God se begeerte dat dieselfde en nog groter dinge nou moet gebeur in sy kerk.

Ons moet daagliks openbaring van die Heilige Gees ontvang. Openbaring oor:
* God se natuur.
* Menslike natuur, en
* Die oorsprong van lewe.

Dis die area waarin God ons wil ontmoet en waarin Hy wil hê ons moet in groot wysheid wandel.

In die bonatuurlike is daar twee bronne van bonatuurlie krag:
* God, en
* Satan.

Moet net nooit die fout maak en glo dat daar nie ‘n kragdimensie in Satan is nie. Omdat hy ‘n gees is, is dit ook bonatuurlik. Enige vorm van bonatuurlike krag wat nie van God af kom nie, kom van Satan af.

***Genesis 1:26;***
‘En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip’.

Mens is geskape met bonatuurlike krag om te kan heers hier op aarde. Die mens is nooit gemaak om alleenlik op sy natuurlike vermoëns en menslike wysheid staat te maak nie.
Mens is gemaak om te heers deur die krag van God.

Wanneer mense nou kerk toe gaan om die bonatuurlike krag van God te sien, is daar niks oor nie. Kerke het verval in ‘n toestand waar hulle ‘n dooie en historiese Jesus preek.
Daarom is die kragwerking van God, goddelike genesing, bevryding en net die gedagte daaraan dat ‘n dooie weer lewendig kan word, ‘n totale onmoontlikheid vir hulle.

As mense vandag soiets in die kerk sien, glo hulle dit so moeilik.

Waarom? Hulle kan dit nie glo agv. die afwesigheid wat hulle het van Goddelike openbaring daaroor.
Dis die rede waarom soveel mense die kerk verlaat het op soek na 'n ander bron van bonatuurlike krag – en dis dan slegs te vinde in die duiwel.
Daar is soveel jong mense wat net nog nooit dit kon glo dat God nog wonderwerke doen nie. En ongelukkig ou mense ook!

**Vyande van die wonderwerkende krag van God:**

*** Onverskilligheid**: Satan het nog altyd openbaarde kennis teengestaan, want dit lei tot bevryding.
Wanneer mense die waarheid ontdek, word hulle vry, maar as hulle nie kennis het nie word hulle gevangene gehou agv. hulle onverskilligheid en onkunde.

*** Afdwaling agv manipulasie:**
Hoor wat sê Paulus: ***Galasiërs 3:1;***
'O, onverstandige Galásiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie?'

Hy gebruik die woord 'betower' (Eng. 'bewitched').
Paulus het dit verstaan dat toordery (Eng. 'witchcraft') die mense se denkvermoë verblind het dat hulle nie die waarheid kan sien nie.
Wat maak die deur oop vir toordery? Rebellie.

God het aan ons geloof kom gee om ons uit te help uit die natuurlike vlak waarin ons verval het.

**Wat gaan ons hoër neem as ons natuurlike dimensie?**
* Openbaring of geopenbaarde kennis, en/of
* Geloof.

Ons is gebore in 'n natuurlike dimensie, wat eintlik nie naby God is nie. Dit bly ons vleeslike geaardheid.
***Romeine 8:8;***
'En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie'.

'Common sense', logika en om te redeneer, doen nie wonderwerke nie. Al jou slim stories kan nie blindes laat sien en kreupeles laat loop nie. Dit kan nie kankers genees of diabetes genees nie.
Daar moet nou 'n geslag opstaan van gelowiges wat nie bang is of skepties staan teenoor die bonatuurlike nie.

Ek verstaan dat dit nie maklik is nou vir die kerk om te begin bid vir wonderwerke, nadat hulle vir jare gesê het dit werk nie.

Die probleem van die kerk is hoe om die bonatuurlike nou in te bring in hul dienste.
Die groot probleem is nie die tekens en wonders nie, maar die onvermoë om te gaan sit en openbaring van God te kry.
Hoe gaan sit jy nou totdat Jesus kom?

**Aksie:**
As jy werklik begeer om die Bonatuurlike God te ken moet jy die Heilige Gees vra om jou verstand oop te maak en aan jou openbaring moet gee van God se grootheid, Sy heerskappy, Sy liefde en Sy bonatuurlike krag.

**Bid nou:**
Vader God, ek verklaar in geloof dat U my oë, my ore en my geestelike sintuie nou sal open om U werklik te ontvang.
AMEN

.....

# DIE LIEFDE VAN GOLGOTA

Kom ons laat ons gedagtes gaan:
Jesus Christus is 'n jongman in die timmermanswinkel in Nasaret.
Hy is vir weke lank besig om 'n spesifieke kas te maak.
Sy hande was naderhand seer van die hantering van die hout en die spykers. Sy voete al moeg van al die staan.

Hy was so trots die dag toe hy vir Josef en Maria geroep het: 'Kom kyk, dis klaar!' Woorde wat ons later weer sal hoor.

Daarna begin Sy bediening. Drie jaar het Hy daaraan gewerk.
Dag en nag het Hy vir die wêreld kom wys waaroor 'n oorwinnende lewe regtig gaan.
Aan die einde daarvan was die hout en die spykers van die verlede weer daar. Hierdie keer gaan die spykers deur die moeë voete en deur die hande. Nou word dit vasgeslaan aan die hout waarvoor Hy altyd so lief was. Die hout het nou Sy kruis geword.
Hierdie keer groet Hy die mensdom met dieselfde woorde:
'Kyk, dit is klaar. Kom neem dit. Dit is volbring'.

Kon daar ooit iets op Golgota volbring gewees het?
Het Golgota ooit iets in hierdie bose wêreld kom verander?
Sedert daardie tyd gaan die dood maar net aan om verwoesting te saai. Daar is onreg en leuens en oorlog.
Wat het Jesus dan ooit volbring?
Die antwoord: LIEFDE. Onvoorwaardelike liefde. Die God van liefde kon alleenlik Sy liefde aarde toe bring deur die offer van Sy Seun.

Daardie dag in Jerusalem sien ons hoe haat die lewe van Christus vernietig het. Maar, net toe haat gedink het dat dit Hom het, was dit  Liefde wat gewen het.
Haat het alles van Hom weggeneem: Sy volgelinge, Sy klere, Sy lewe – maar dit kon nooit Sy liefde wegneem nie.
In die haatlikste omstandighede bid Jesus nog vir Sy teenstanders.
Toe haat hom uitgewoed het oor Liefde, het die Liefde Homself uitgestort oor die haat – en dit vergewe en dit oorwin.

Wat het nou na alles oorgebly: Die Liefde.
Die enigste rede waarom ons almal dit nie altyd sien nie, is omdat ons nog nie volkome daaruit lewe nie. Ons is almal Christene op alle maniere, behalwe langs die pad van liefde.

Die haat en die oorlog en die sonde en die dood is nog hier tussen ons op aarde. Een dag in Jerusalem het ons die liefde gesien en niemand sal dit ooit van ons kan wegneem nie.

Hoe lyk ons lewe vandag na alles?
Is ons werklik deel van die oorwinning?
Hoekom kry ons so min gelukkige mense vandag?
Die bruid en die bruidegom kom stralend uit die kerk gestap, maar hoeveel van hulle behou hierdie geluk? By hoeveel is die huwelik later nie ook maar iets vaals waarin die oomblikke van geluk maar min is? Gelukkige mense is skaars.

Ten spyte van al die vooruitgang is daar net te veel probleme.
In die jare van Julius Ceasar in Rome was die lewensverwagting van ‘n mens net sewe-en-twintig jaar.
Vandag is die gemiddelde lewensduur amper 70 jaar.
Tog is gelukkige mense nog altyd skaars. Ons het alles in die wêreld geleer doen, behalwe om mense gelukkig te maak.

Vir ‘n groep is die geheim om gelukkig en vol liefde te wees, om dit te kan wees ondanks omstandighede. Uiterlik het hulle met veel ongeluk en ongerief te doen en tog is hul gelukkig.

Die probleem is dat ons net nie die deure van geluk wat rondom ons is, kan oopmaak en instap nie.
Die gesegde sê: ‘Die deur na geluk maak na buite toe oop’.
Dit beteken dat jy nie net vir liefde en geluk kan sit en wag nie.
Jy moet opstaan en die deur van liefde oopmaak en daardeur loop.
Staan op en neem die liefde en begin dit doen.
Dit staan vir jou en wag.

Die een groot noodsaaklikheid vir liefde, is om volwasse te wees.
‘n Mens is nooit gelukkig voordat jy nie die pad na volwassenheid begin loop het nie. Dis ‘n bekende feit dat volwassenheid niks met jou ouderdom te doen het nie.

Jy kan dertig of selfs sestig jaar oud wees maar nog steeds kinderagtig optree. Soos iemand wat nog onryp is.

In ***Prediker 10:16*** staan;
'Wee jou o land, as jou koning 'n kind is'.
Dit wil sê as iemand dit uiterlik tot by die koningskap gebring het, maar innerlik nog 'n kind is.
Kom ons kyk na so 'n 'kind-koning' in die Bybel. Ons voorbeeld is koning Agab. Hy besit 'n groot deel van die pragtige Jisreël-vallei.

Daar het hy 'n villa wat hy vir vakansies gebruik.
Sy groot doel was om Nabot se stukkie grond met die wingerde, ook te wil hê. Nabot weier egter om dit te verkoop want die grond is die erfdeel van sy vaders. Dit maak koning Agab bitter ongelukkig. Hy gaan haastig huistoe en stamp almal wat op hom wag weg en gaan in sy huis in. Soos 'n kind gaan lê hy op die bed met sy gesig na die muur toe en weier om te eet.
Net soos 'n seuntjie! Hy lê hier en wil net sy broek natmaak.

Almal om hom wonder of daar dalk 'n krisis in die land dreig. Almal is bekommerd. Maar, dié wat weet, het weereens besef dat die koning nog nie mooi groot geword het nie.
Hulle het ook geweet dat die koning gladnie **1 Korinthiërs 13:11** kon na-sê nie. Hier staan:
'Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê'.

Agab het beslis nog nie hierdie dinge afgelê nie. Hoe weet hulle dit? Kyk maar net na sy patetiese selfbejammering, wat 'n teken van onvolwassenheid is. Hy lewe net vir homself en niemand, niemand anders, tel in sy lewe nie.

Die einde van die verhaal ken ons. Agab kry sy wingerd nadat sy vroutjie, Isebel, vir Nabot laat vermoor. Maar, Agab het daarmee nie geluk verkry nie. Ware geluk ontwyk die onvolwasse mens.

Wee jou o kerk, as jou leiers soos onvolwassenes optree en nog elke dag hulle speelgoed uit die mandjie gooi.
Waarvoor het Jesus dan gesterf?

As ons nou terugkyk na wat Jesus regtig vir ons op die kruis kom doen het, besef ons dat die oorwinning nou in ons hande is.
Hy het mos kom sê: Dit is volbring – die liefde, en daarom alles!

**Hoe gaan ons sukses behaal?**

* Doen dit waarvoor jy lief is.
Mense met passie kan die wêreld verander, om dit beter te maak.

Gebruik dit waarmee jy nou besig is en laat God jou denke verander in die rigting waar jou werklike passie lê.

* Daar is krag in jou visie.
Wil jy maar net vir ewig vashaak waar jy nou is, óf wil jy die wêreld verander? Moet nooit die groter visie ooit verloor nie.

* Jy kan die beste idee in die wêreld hê, maar as jy nie die idee met ander kan deel nie, help dit jou niks nie.

* Die mense wat jy elke dag bedien gee niks om vir wat jy hulle wil gee nie. Al waarin hulle belangstel is net hulle self, en waarop húlle hoop en wat húlle ambisie is. Die oomblik dat jy ander mense hulle drome kan laat bewaarheid word, het jy hulle gewen.

Laat liefde ons lei op hierdie pad!

.....

# GOD DIE SAAIER EN DIE BOER

Tydens Jesus se optrede op aarde wou Hy graag aan mense sekere waarhede openbaar het.
Omdat Hy hierdie diep dinge mooi duidelik wou maak, moes Hy soms gelykenisse gebruik het. Dan sou Hy sekere aspekte of mense met mekaar vergelyk het.
Jesus het almal soms verras met die dinge wat Hy gesê het!

**Die gelykenis van die saaier.**
Kom ons lees in***: Mattheus 13:3-9;***

'En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: 'n Saaier het uitgegaan om te saai; en terwyl hy saai, val 'n deel langs die pad, en die voëls het gekom en dit opgeëet.
En 'n ander deel het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie grond was nie; en dadelik het dit opgekom, omdat daar geen diepte van grond was nie;
maar toe die son opgaan, is dit verskroei, en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog.
En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik. En 'n ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die een honderd—, die ander sestig—, die ander dertigvoudig. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!'

Hier lees ons van 'n saaiboer wat op verrassende wyse sy hande vol saad gestrooi het op die pad wat mense elke dag deur sy lande geloop het. Nog meer is dat hy soveel geloof in sy saad gehad het dat hy dit ook in vlak grond en tussen dorings gesaai het, met die verwagting dat dit sal groei en oorleef. Hierdie boer is God self.

Maar nou lees ons dat God se oes misluk. Die voëls kom pik die saad weg en die ander word verstik deur die dorings en die son verskroei die res. Wat Jesus hier gesê het sou ook later met homself gebeur.
Is daar dan nooit 'n opbrengs in God se skuur nie?

Dit sou altyd maar half leeg gebly het as God nie tussenbeide tree het nie. God as die Boer kom nou en saai Sy eie Groot Koringkorrel op aarde. Jesus Christus as die perfekte saad word geplant.
Selfs hier het dit ook aanvanklik gelyk of die poging gedoem is.

Wat gebeur met hierdie Groot Koringkorrel toe Hy gesaai is?
Presies dit waaroor Hy vroeër geleer het, gebeur nou met Hom.
In Sy lewe kom daar ook 'n pad – 'n harde uitgetrapte pad na die Kruis toe. Ons sien ook die dorings in Sy lewe toe hulle daardie doringkroon in Sy skedel indruk, totdat die bloed by Sy slape afloop. Voor die aand het die son ook in Sy lewe opgegaan.
Dit verdroog en verskroei Hom so dat Hy voor die aand nog sterf.

Hierdie was alles deel van God se groot plan.
Hy het geweet dat hy hierdie Koringkorrel in die hart van die aarde moes saai. Dit was die perfekte Saad met die verwagting van 'n groot oes. Wat gebeur met die Koringkorrel?
Die derde dag skeur dit die rotse oop. God se saad het begin groei!

Kort daarna, op die Pinksterfees – weet dat Pinkster beteken 'Oesfees' – begin daardie saad vermenigvuldig en 'n oes van 3000 gelowiges word in die pakhuise en skure van God ingebring.
Hierdie oes het sedertdien nog net aanhou groei - 30, 60 en honderdvoudige opbrengs.

Liewe mens, jy moet vandag één ding besef: God saai nog altyd.
As daar dae is wanneer jy wonder of die saad ooit in jou man of jou roekelose kind se hart sal inkom, is daar goeie nuus.
God saai nog altyd hande vol van Sy kosbare saad op die harde paaie van hulle harte. Wanneer gaan julle geloof in die saad hê dat dit een of ander tyd sal opkom?
Die saad wat gesaai word is nog altyd God se Woord oor die Koninkryk. Hiedie saad moet ook ontwikkel om 'n oes te verseker.

Daarom is daar werklik hoop vir jou en vir my want die bewing wat gevoel is daardie dag by die Kruis, het die grond ook losgeruk in ons lewens, sodat die oes nog groter kan wees.

Kom ons kyk na **die gelykenis van die Onkruid.**
***Mattheus 13:24-30;***

"'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het;

maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan.
En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook. En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?
En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen.

Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?
Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.
Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur'.

Hier sien ons weer hoe die boer anders as normaalweg optree.
Hierdie boer het presies geweet hoe werk sy vyand.
Normaalweg laat die boer die werkers toe om die onkruid uit te skoffel net nadat die spruitjies opgeskiet het en begin om die vrug te vorm.
Hierdie boer weier egter hulle aanbod en hy laat sowaar toe dat die onkruid saam met die koring groei, tot by die oes.

Maar, laat ons maar nie te gou probeer om hom te leer nie, want hierdie boer is ook God self. Die verskil?
God boer nie met graan of met vee nie, nee, Hy boer met genade.

Dis die rede waarom Hy al die mense op die akker van die wêreld laat staan. Hierdie is die mense wat óns wil uitskoffel, net omdat hulle nie soos óns is volgens ons mening!
Die fout is dat ons dink God gaan met ons saamstem.
Nee! Hy kom vir ons hier leer dat ons liewers ons skoffels moet neersit. Die een groot probleem is nog altyd dat ons dink God haat sondaars. Daarom haat ons hulle ook.
Dis die rede waarom ons oor mense skinder en hulle vermy.

**En die redes?**
**Eerstens** is omdat ons te onhandig is.
Netnou skoffel ons die koring ook onwetend uit!

**Tweedens** is dat onkruid en koring van Gods kant gesien, glad nie soveel van mekaar verskil nie.
Vir onkruid gebruik Jesus die woord 'sisania', wat 'dowwe koring' is.
Die onkruidplant lyk aanvanklik net soos die koring en jy kan dit alleenlik net voor die oes uitwys.

So sien God ons as mense: Almal is potensieel dowwe koring.
As Hy moet begin skoffel sal óns ook getref word.
Maar nou wag Hy tot by die oes – dis Sy genade.

Die mens wat nie met die tyd werklik die regte koring word nie, vra altyd:
* Het ek nog ‘n kans?
* Kan ek nog genade kry en verander?
* Gaan God my nie maar net uitskoffel omdat ek so verkeerd en sleg begin het nie? Ons moet hier besef: Elke heilige mens vandag het ‘n verlede en elke sondaar het ‘n toekoms in Christus.
Dan die groot vraag: Wie het die onkruid tussen die koring gesaai?
Hoe het die duiwel dit reggekry om gif in my in te saai?

Die goeie nuus is dat God nie op die uitskoffel fokus nie.
God het in plaas van skoffels sy Seun gestuur: Dié Een wat in ons plek uitgeskoffel is.
Vandag kom sê Hy weer: ‘My kind, my genade is vir jou genoeg’.
Dis hierdie genade liewe mens wat maak dat ek en jy tog kan verander. Die Woord sê: God sal hulle verander – ‘n doringboom na ‘n sipres, ‘n distel na ‘n mirt, ‘n Simon na ‘n Petrus en ‘n Saulus na ‘n Paulus. Daarom wag God – Hy wag dat ons deur sy genade kan verander.

Hoe kan ek weet of ek al van onkruid na goeie koring verander het?
Deur die skoffels uit my eie hande te laat val en hulle te verruil vir die saaisak van vergifnis.
Want, wie vergifnis vir ander het, ontvang dit ook self – van God.

Ons is tog so geneig om net die kwaad en die verkeerd in almal raak te sien! Hierdie les is vir my en jou vandag: Bêre die skoffels!
God het die opdrag gegee om die oes in te bring en nie om mense seer te maak en uit te skoffel nie.
Laat ons self met genade begin boer.

Maak baie seker dat jy weet:
* As ek eers onkruid was, hoe kon die vyand my dan in die land gesaai het in die nag?
* Is almal vatbaar om deur die vyand gebruik te word?
* Gaan my verlede altyd teen my tel?

Jy kan twee dinge doen met mense wat jou te vroeg uitgeskoffel het of met woorde seergemaak het:
* Jy kan dit in jou hart bêre en dit vir altyd onthou, óf
* Jy kan dit in die vuilgoedmandjie gooi en nooit weer daaraan dink nie.

.....

# DIE TOETSE IN JOU LEWE

Is dit nie al 'n bekende uitdrukking wat sê: 'Die lewe gaan nie so seer oor die kanse in jou lewe nie, maar oor die keuses wat jy maak?'

God is die hele tyd besig in die gees om met ons kontak te maak. Hy ondersoek ons om toe te sien dat elkeen van ons by die doel kan uitkom wat Hy vir ons gestel het. ***Romeine 8:27-28;***

'En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree. En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is'

Die manier waarop jy jou eie lewe sien, vorm jou lewe en die wyse waarop jy optree sal jou toekoms bepaal.
Wat jy van jouself dink en hoe jy jouself sien, sal die manier waarop jy leef beïnvloed. Hoe jy jouself sien gaan die manier raak hoe jy jou tyd verdryf, hoe jy jou geld uitgee, hoe jy jou talente gebruik en hoe jy verhoudings met ander eer. Dan besef jy: Gee van jouself en jy sal meer ontvang as wat jy gegee het.

Ons word so beïnvloed deur wat ons in die wêreld ervaar dat dit nie meer waarde het om iemand te vra 'hoe voel jy oor iets' nie.
Die vraag moet liewer wees: 'Hoe sien jy jou eie lewe?'
Jy sal verbaas wees oor die antwoorde wat jy gaan kry!
Iemand het al gesê: 'Ek is soos 'n kar met vyf ratte, maar ek kom net nooit uit derde nie' of 'die lewe is 'n kaartspel – jy moet maar net speel met die hand wat jy kry!' Dit kan ook wel waar wees.

Maar, op die einde gaan dit daaroor oor hoe jy jouself sien.
Dit is die prentjie wat jy in jou gedagtes van jouself sien.
Die meeste mense druk hierdie gedagtes wat hul self sien uit op verskillende maniere, soos oormatige juwele, hulle kleredrag, die karre wat hul ry, haarstyle, agter-op-kar plakkers en selfs tattoeëermerke.

Dit wat jy so uitstal, beïnvloed jou lewe meer as wat jy dink.
Dit raak jou verwagtings, jou waardes, jou verhoudings, jou doelwitte en jou voorkeure. Dit is wat jy vir ander mense van jou self wys, wat later maak dat hulle jou op 'n spesifieke manier oordeel.

Jy is nie verantwoordelik vir wat mense van jou dink nie, maar jy is verantwoordelik vir wat jy aan hulle gee om oor jou te dink.

Die vraag is altyd:
* As jy baie juwele dra, wat sê dit vir my, van jou?
* As jy altyd kaal bloese en gewaagde klere dra, wat sê dit vir my, van jou?
* As jy aanhou klein hempies dra wat altyd jou tattoeëermerk wys, wat sê dit vir my, van jou?
Onthou, dit wat jy vir die wêreld wys gaan jou beïnvloed.

As jy self die lewe op verskillende maniere sien, gaan dit jou ook beïnvloed:
* As jy die lewe net as 'n partytjie sien, sal jy daarna streef om elke dag 'n jôl te hê.
* As jy die lewe as 'n resies of 'n wedren sien, sal spoed jou dryfveer wees en sal jy moontlik elke dag haastig wees.
* As jy die lewe as 'n maraton sien, sal uithouvermoë jou waarde-bepaling wees.
* As jy die lewe as 'n oorlog of 'n speletjie sien, sal om te kan wen, jou hele lewe bepaal.

**Hoe sien jy jou eie lewe?**
Het jy al ooit daaraan gedink dat jy jou eie lewe dalk verkeerd sien of opsom? Dalk het jy die manier van leef by jou ouers geleer, en maak jy net wat hul gemaak het.
Of jy het jou manier van lewe van 'n vriend gekry, of van 'n fliek wat jy gesien het of in 'n tydskrif wat jy gelees het.

Nou, as jy wil word wat God vir jou beplan het, sal jy dalk veranderinge moet oorweeg. Dalk moet jy uit 'n lewenswyse stap om van die invloede van die wêreld ontslae te raak.
***Romeine 12:2;***
**'**En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is'.

Wat beïnvloed my wat ook 'n invloed op my karakter het?

## Toetse:

**Die lewe is 'n toets:**
Dwarsdeur die Bybel sien ons hoe God mense getoets het.
Hulle karakter is getoets, hul geloof, hul gehoorsaamheid, hul liefde, hul integriteit en hul lojaliteit.
Meer as 200 keer in die Bybel lees ons hiervan.

* God toets Abraham deur hom te vra om sy seun te gaan offer.
* God toets Jakob toe daar van hom verwag is om langer te werk vir Ragel. Was hy lief genoeg vir haar?
* Adam en Eva dop hul toets in die Paradys.
* Koning Dawid het 'n paar toets gedop in sy tyd.

Die goeie nuus is dat die Bybel ook baie aanhaal wat hul toetse geslaag het: Josef, Rut, Ester en Daniël.

Karakter word juis gebou en openbaar deur toetse.
Ons sal altyd aan toetse onderwerp wees.
God sal vir die mens enige iets doen wat jy Hom vra.
Solank as wat jy alles doen wat Hy jou vra om te doen.

**Hoe kom daardie toetse?**
God kyk elke dag hoe jy reageer en optree as daar daagliks toetse kom van mense, van probleme, van sukses, konflik, siekte, teleurstellings en selfs slegte weer.

Jesus sê in die gelykenis van die saaier onder andere:
Die tye van vervolging en verdrukking en ook die tye van sukses, sal altyd 'n toets vir jou wees.

***Mattheus 13:21;***
'Maar, as hy het geen wortel in homself het nie, is hy net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik'.

***Mattheus 13:22;***
'En by wie in die dorings gesaai is—dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar'.

Dus kom die toetse in jou lewe van beide kante van die spektrum:
Verdrukking en rykdom en sukses.
Die goeie nuus is dat Jesus ook die geringste raaksien wat jy doen:
Jou vriendelike groet, jou simpatie, jou liefde vir mense, diere en die natuur.

Die Bybel gee ons 'n aanduiding van hoe baie van ons toetse gaan lyk:
* Jy sal getoets word met groot veranderinge om jou,
* met onmoontlike probleme,
* met ongeantwoorde gebede,
* met onregverdige kritiek en
* selfs met onverklaarbare tragedies.

**Hoe gaan dit werk?**
God gaan my **geloof** toets met probleme.
God gaan my **hoop** toets met hoe ek dit wat ek besit, hanteer.
God gaan my **liefde** toets deur ander mense.

Wanneer jy besef dat die lewe 'n toets is, besef jy dat niks wat met jou gebeur net toevallig is nie – al is dit hoe gering. Selfs die kleinste dingetjie het 'n invloed op die bou van jou karakter.

Elke dag is belangrik en elke saak is daar om jou verhouding met God groter en dieper te maak.

Daar word gesê: Die goeie eienskappe wat jy het sal jou neem tot op die hoogste vlak. Jou karakter moet jou nou daar bo hou. Rykdom kom en gaan. Dis ons **karakter** wat ons treë standvastig maak, nie ons goud nie.

God wil hê dat jy elke toets in die lewe moet slaag. Daarom sal Hy jou nooit toets tot op 'n vlak waar jy dit nie sal kan hanteer nie. Sy genade om dinge te hanteer sal die toets bepaal.

***1 Korinthiërs 10:13;***
'Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra'.

Elke keer as jy 'n toets slaag, neem God kennis daarvan en sal jou in die ewigheid daarvoor beloon.
***Jakobus 1:12;***
'Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet'.

***Psalm 16:11; Nuwe vert.***
'U leer my hoe om te lewe. In U teenwoordigheid is daar oorvloedige blydskap. Uit U hand kom net wat mooi is'.

.....

# DIE LEË HUIS

***Lukas 11:20-26.*** Die gelykenis van die leë huis.

Wat wou Jesus Christus hier vir ons sê?
'Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom. Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit. Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi. Wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, en hy deur waterlose plekke en soek rus; en as hy dit nie vind nie, sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit uitgevee en versierd. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste, slegter as hy self, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste'.

In hierdie lewe is dit altyd ‘n groot voorreg: Ja, ‘n leë huis wat ek kan huur of koop. Die Here Jesus praat hier egter van ‘n ander soort leë huis – Hy praat hier van ‘n skaarste aan bewoonde huise! Oral waar Hy kyk sien Hy net leë huise.

Hierdie leë huise is mense!
Hierdie mense het heel moontlik hulself bekeer en gelowig geword – daarom het hulle huise gekry.
Hoe kry so ‘n mens ‘n huis?
Dit beteken net dat hulle die duiwel wat vroeër hulle huise beset het uitgegooi het en nou self die huishouding oorgeneem het.
Die duiwel wat altyd in hierdie huis was is nou na buite gewerp en hy moes maar net vir hom in die woestyn ‘n rusplek gaan soek.
Al hoe jy dit kan regkry om die duiwel uit te werp uit die huis, is deur ‘n keuse te maak vir Jesus Christus.
Die oomblik dat jy jou reg uitoefen, gebeur daar altyd iets.

‘n Nuwe huis – hoe wonderlik!
Die huis word nou deur die mens deeglik uitgevee en pragtig versier. Al die ou plakpapier word afgekrap en al die vuilheid word verwyder. Die mure word nuut geverf, die vloere herstel en die dakteëls verander. Dit lyk werklik of alles nuut geword het.

Maar, dan ry die vorige huurder uit die onderwêreld daar verby. Dit gaan nie met hom goed nie! Dis moelik daar alleen in die woestyn. Veral nou dat dit winter is soek hy weer ernstig na ‘n blyplek. Hy kyk na die pragtige nuwe plek – so mooi versier.
Dan sê dié kêrel iets interessant: Hy noem hierdie huis nog altyd sy huis en sê sommer reguit: ‘Ek sal teruggaan na **My** huis toe!’

Die groot probleem is egter nou dat hierdie meneer sewe ander geeste – gogga’s – wat nog slegter as hy is, saamgebring het en hulle gaan nou almal weer hier vir altyd kom woon.
Nou hoe is dit moontlik dat die huis nog aan die duiwel kan behoort? Die antwoord is maklik: Die feit dat die huis opgeknap en versier is beteken nie dat dit aktief bewoon word nie!
Dit is nog steeds nie ‘n gevulde huis nie.
In ***Mattheus 12:43-45*** staan: Die duiwel het die huis leeg gevind.

‘En wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en vind dit nie.
Dan sê hy: Ek sal teruggaan na **my** huis waar ek uitgegaan het.
En hy kom en vind dit leeg, uitgevee en versier.
Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag’.

U weet, daar kan soveel godsdienstige dinge by die mens wees. Daar het godsdienstige reëls en praktyke begin maar, die Here Jesus het nog ‘n werklikheid vir hierdie mens geword nie.
Jy moet weet: As Christus nog nie in jou woon en jy in Hom nie, is jou huis leeg. As jy nog nie die vreugde van die vervulling met God se Gees in jou ondervind het nie, bly jou huis leeg.
Jy kan wel ‘bekeerd’ wees, maar alleen is dit nie genoeg nie.
Daar is so baie ‘n bekering in woorde en tot godsdienstigheid, maar nog nie tot die Here nie. In die Bybel lees ons die hele tyd dat die Fariseërs ‘n volmaakte voorbeeld hiervan was. Dit is waarom Jesus na hulle gekyk het en hulle ‘wit gepleisterde grafte’ geneom het.

Dit is alleenlik wanneer ek Jesus in Sy volheid in my huis laat inkom dat ek en my besittings veilig is. As dit gebeur, dan vervul Hy jou ook met die ‘sewe geeste van God’.
Dit is hoe die Heilige Gees genoem word in Openbaring 1:4.

As die Heilige Gees inkom verf Hy nie net jou huis nie, Hy vul die hele huis met Sy teenwoordigheid.
Dis wanneer die vrug van die Gees inkom dat jou eenvoudige huisie verander word.
Dit word verander na ‘n tempel waarin God nou kan woon.

Daar is so ‘n groot stryd tussen godsdiens en die evangelie.
In die gelese deel is ons baie bewus van wat God werklik wil hê moet gebeur. Na bekering is daar altyd verandering.
Die groot vraag bly egter: Is daar permanente verandering, of was dit slegs emosie gewees? Het dinge werklik begin verander na jou bekering, of is al die ou nukke maar net nog steeds daar?

Ons moet besef dat baie dinge ons kan dryf tot ‘n begeerte om te verander. Was desperaatheid ‘n rede?  Was ernstige of terminale siekte die rede? Was dit werklik ‘n soeke na God wat so ge-eindig het? Die bekering moet saam gaan met ‘n toestand waar God Sy koninkryk kan vestig in jou hart – en nie net in sommige van jou gewoontes nie.

‘n Man het eenkeer vir my gesê na so ‘n bekering:
‘Ek wil graag ook verander. Ek voel ek wil vir die Here ‘n guns doen. So ek het besluit om Saterdagaande tien uur op te hou drink dat ek darem nie so erg babelaas is Sondag in die kerk, soos voorheen nie!’
So dikwels lei ons bekerings tot ‘n leë, waardelose godsdiens.

Toe ‘n sendeling uit Indië begin om oor Christus te preek in sy eie land, kom daar ‘n kerkganger wat na die diens vir hom vra:
‘Wat soek julle sendelinge tog hier in Indië? Is daar dan nie genoeg godsdiens hier nie?

Wat is die nut dat julle ons met nog een kom verwar?'
Die sendeling antwoord: 'Meneer, ek kan sien dat u nie die verskil tussen godsdiens en die Evangelie ken nie. Vir godsdiens sal ek nie oor die straat loop nie, maar vir die evangelie sal ek oor die see gaan. Dis waarom ek hier is. Al die godsdiens wat julle tot nou toe probeer het, het nie geslaag nie.'

Die sendeling leer hulle toe dat godsdiens gaan oor voorskrifte en regulasies, maar die Evangelie gaan oor 'n persoon. Sy naam is Jesus Christus. Jy kan Boeddha uit Boeddhisme haal en die Boeddhistiese godsdiens sal net rustig voortgaan. Maar as jy vir Jesus uit die Evan-gelie haal, bly daar niks oor nie. Dis die verskil. Wie woon in jou en in jou huis?

Toe Boeddha op sy sterfbed lê en sy volgelinge treur oor hom, kon hy hulle gerusstel met: 'Al sal ek môre nie meer hier wees nie, sal julle tog my leerstellings hê. Bly maar net daarin en gaan rustig voort'. Maar op die vooraand van die kruisiging bly Jesus se troos: 'Ek is die Weg. Ek is die Waarheid en die Lewe. Bly in My'. Hy wys geen pad aan nie – Hy is dit self. Om 'n Christen te wees beteken daarom nie om waardelose reëls en regulasies en leerstellings na te kom nie, maar om in 'n persoonlike verhouding in Hom te staan en uit Sy liefde te leef.

Vandag is hierdie toestand nog 'n werklikheid.
Kerke begin met soveel entoesiasme. Predikante begin kerke nadat hul vir jare net godsdiens bestudeer het. Hulle beplan elke deeltjie van die dienste, maar stelselmatig verflou die ywer. Alles groei tot op 'n seker vlak en bly dan net daar. Normaalweg is kerk tevrede om net daar te bly – dit bedreig hulle nie. Geen program wat slegs op mense se vermoëns gebou is, kan bly staan nie.

In 1917 begin Lenin en sy makkers in Rusland sy Kommunistiese Revolusie aanblaas. Die enigste ding wat Kommunisme kon teenstaan was die kerk. Die Russies-Ortodokse Kerk was in beheer van sake. Toe die Revolusie begin, het die Ortodokse Kerk dadelik 'n sinode gehou. Hierdie was die krisis-uur in die Russiese geskiedenis. Die sinode is gehou om strategie te bepaal vir verdere optrede. Die geskiedenis sê egter dat die hele sinode oorheers is oor die debat oor watter kleur die priesters se serpe moes wees. Vandag weet ons dat die kerk daar geval het en Kommunisme oorgeneem het.

Gaan kerke ook hier in ons omgewing moet predikante vervang omdat hulle kontak met die werklikheid verloor het?
Kritiek is altyd maklik, maar maak jy dit meneer?

Om net reëls na te kom, doen eintlik niks positiefs nie.
Jy kan die reëls neerlê wat sê: Ek het nooit gerook nie. Ek het geen druppel sterk drank ooit oor my lippe laat kom nie. Ek het nooit 'n stukkie vleis geëet nie. Maar my naam kan tog Adolf Hitler wees!
Jesus Christus soek nie na perfekte of goeie mense nie. Hy wil weet hoeveel van Hom is in jou. Is jy goddelik genoeg vir Jesus?

As jy kom by 'n plek waar jou situasie dood en hopeloos lyk, staan stil en weet dat Jesus vandag nog vir jou sê: 'Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe.
Die enigste persoon wat jy moet verbeter en oorwin, is die persoon wat jy gister was.

Onthou: Voordat Dawid teen Goliat geveg het, het hy 'n leeu en 'n beer oorwin. Elke veldslag is daar om jou voor te berei, te oefen en jou selfversekerheid te gee vir wat voorlê.

Hoe lyk die huis waarin jy bly? Wie is in beheer daar?
Die Woord sê: Wanneer iemand sterk staan, in volle oorgawe leef en sterk bewapen is, sal sy huis goed bewaak wees. Maar, indien nie, sal iemand anders sy huis oorneem.

Ons het laas week daaroor gepraat dat die krag wat jy moet hê om jou huis te bewapen, die krag van die Heilige Gees moet wees.
Die Heilige Gees moet egter die volle beheer hê en jy moet dit aan Hom oorgee. Die groot vraag sal altyd wees: 'Is jy vervul met die volheid van die Heilige Gees?'

As jy wil hê wat ander het, moet jy bereid wees om in hulle skoene te loop, op te offer wat hulle het en die prys te betaal wat hulle betaal het, dan kan jy dit kry.

Hou op om te vra waarom dinge in jou lewe gebeur het. Dit is klaar in die verlede. Dis verby en afgehandel.
Neem die positiewe daaruit en begin loop in jou toekoms in.

.....

# HOOP

Ek glo dat elkeen van ons ‘n bediening het om mense bymekaar te bring, om verhoudings te herstel en hoop te bring vir dié wat langs die pad moedeloos geword het. Daar is soveel mense wat net aan-moediging nodig het sodat hulle hul drome kan laat bewaarheid word.

Elke dag kom ons tot die besef dat daar soveel is wat nie grootgeword het met geloof, hoop en liefde nie.

Maar, tussen jou gebede en die hoop dat dinge gaan verander in jou lewe, lê ‘n lang pad van geduld en baie leuens wat van die duiwel af kom.

Ek glo dat niemand ooit groot kan word sonder teenspoed en onguns in sy lewe nie. Maar, laat ons ophou vra wat die redes was dat dinge gebeur het. Dit is alreeds in die verlede. Dis klaar en verby. Laat dit net daar en kom ons beweeg aan. Neem dit wat positief was en begin beweeg in jou toekoms in. Die hele doel is jou te bemoedig om die tekortkominge te hanteer sodat jy die doel in jou lewe kan bereik.

Die menslike gees het onmeetbare potensiaal en krag.
Wonderwerke kan gebeur in jou lewe – maar meestal net met hulle wat kan vashou aan hoop.
Wat dan is hoop? Dit is die plek waar jou drome begin.
Dit is die stem van jou toekoms en die doel vir jou lewe.
Hoop praat met jou. Hoop stel jou gerus dat wat besig is om met jou te gebeur, nie binne in jou is nie. Jy kan dalk nie in beheer wees van wat gebeur in jou lewe nie, maar jy kan dit beheer hoe jy gaan optree in hierdie omstandighede.

Die gesegde sê: Alles wat in die wêreld gedoen word, word gedoen in hoop. Hoop dat dit sal werk. Van één ding is ons verseker: Terwyl jy nog een asemteug oor het, is daar hoop.

Slegs God weet wat gaan gebeur in ons lewens. Hoop is Sy geskenk aan ons – dis die venster waardeur ons moet kyk. Terwyl ons onbekend is met die toekoms, laat ons God vertrou. Hou die hoop lewendig in jou hart en al gaan dit nie goed nie, doen net jou bes.

So baie keer word ons gebede nie beantwoord nie. Tragedies gebeur ten spyte van al ons gebede en geloof. Selfs dié wat rein van hart en gehoorsaam is, is soms die slagoffers van droefheid en ellende. Ons sien elke maand aardbewings en rampe en duisende mense wat sterf.
Hierdie mense se hoop en drome sterf saam met hulle.

Soveel moeders verloor hul kinders en soveel kinders se ouers verdwyn net onder die aarde.
Hoe hou jy hoop lewendig in hierdie omstandighede?

Soveel goeie dinge kom gelukkig ook uit al dié rampe.
Mense kom weer in liefde bymekaar uit na al die tragedies.

Mense, ons hoop moet net verder strek as dit wat ons om onsself sien. Die einddoel van hoop is in die hemel.
Dis hoekom ek en jy hoop het dat hulle wat te vroeg sterf, veilig in die arms van ons Jesus is.
Dis dieselfde Jesus wat ons kom verseker dat jou aanvalle nooit groter sal wees as jou kapasiteit om te oorwin nie.
Die blye boodskap gaan tog daaroor dat ons saam met Jesus in die ewigheid sal wees. Of dit goed gaan of nie, die belofte is in die hemel.

Ek glo dat een van die beste maniere om uit te hou, al word jou gebede nie beantwoord nie, is om uit te reik na ander. As daar 'n las op jou is – gaan na iemand anders en help hom om sy las te dra. Bring vir hom 'n boodskap van hoop – en kyk wat doen dit aan jou! Deel hoop uit in die tye wanneer jy dit self nodig het!
Dit is in tye van beproewing wanneer jou verhoudings met andere jou hoop kan opbou. As ons nie ander kan toelaat om ons te stig nie – hoe gaan ons toelaat dat Jesus ons vetroos?

Oor jare het ek deur 'n groot leerskool in my mediese praktyk gegaan. Daar moes ek oor al die jare soveel slegte nuus aan mense oordra. Nuus oor kanker en nuus dat die dood nader kom en dat ek medies niks verder meer kan doen nie.
Dis in tye soos hierdie dat jy sien en voel hoe mense hulle hoop plaas op iets wat ons nie altyd kan raaksien nie.
Soveel keer sien jy hoe hoop in hulle oë blink en hulle in geloof verder gaan. Dan sê hulle: 'Dokter, ek gaan dit maak!'
Hoop kom altyd eerste, dan volg geloof. Dan weet jy: Jy hoef nie vir hierdie mense iets te sê nie. Hulle bemoedig en inspireer jou nou, in hulle slegte omstandighede.

Ek het vir tannie Mynie so lank opgepas. In haar laaste dae het sy oor en oor gesê: 'Dokter, my hoop is in die Here. Hy sal my self kom haal'. Die laaste oomblikke het ook vir haar aangebreek. Skielik het sy met haar laaste kragte regop gaan sit op die bed. Sy kyk op en ek is bewus daarvan dat sy besig is om iets te sien wat ek nie kon sien nie. Sy streel haar hande skielik oor die bed en sê: 'Liewe Here. Dankie dat U gekom het. Kom sit net hier langs my. Ek wag al so lank vir U'.
Daarna sak sy net terug en is skielik weg.
Sy het Hom, waarop haar hoop was, gesien voordat sy weg is.

Ons moet droom! Groot droom.
Kyk vorentoe en hoop vir nog ‘n beter lewe en jaag jou drome na met al jou krag. Moet nooit twyfel in jou vermoë nie.

Mense, ons moet ‘n ongelooflike kapasiteit hê om uit te styg bokant ons omstandighede. Dit maak nie saak wat die toetse is nie.
Die krag van jou gees sal jou deursien.
Dit is wanneer vreugde opborrel in slegte omstandighede.
Ek het dit gesien in hospitale en in tronke in Mosambiek en in die Ooste. Dis wanneer jy besef: Hierdie klompie hier binne het baie meer vryheid en vreugde as die klomp wat vry is daar buite.
Dit is wanneer hoop in jou hart leef!

Die oomblik dat jy sê: ‘Ek het nie meer hoop nie’, dan val alles plat. Soveel van ons was al daar.
As jy sê dat jy het nie meer hoop nie, het jy geen kans dat iets positiefs nou in jou lewe gaan gebeur nie.

Hoop is saam met geloof en liefde die pilare van geestelikheid.
In wat jy ook al glo, jy moet nooit sonder hoop wees nie, want alles wat goed is, begin met dit.
As jy nie hoop het nie, hoe gaan jy ‘n familie begin?
Moet nie eers probeer om iets nuut te leer sonder hoop nie.
Hoop is die eerste stap wat jy moet neem om jou doel te bereik.

***Jesaja 40:31;***
‘Maar die wat op die HERE wag, (dié wat hoop in die Here), kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie’.

Moet nie vergeet dat God nooit sal opgee met jou nie.
Hy sal aanhou, want Hy het ‘n plan met jou lewe.
Hou aan vorentoe beweeg want dit veroorsaak momentum, wat weer nuwe geleenthede gaan bring.

Ek lees nou onlangs die stukkie oor die aardbewing in Haiti.
Daar was ‘n ma en haar 21-jarige seun in ‘n huis toe die aarde begin skud het. Sy kon uithardloop, maar tonne materiaal het op hom geval. Sy het vir dae rondgedwaal op die plek waar hulle huis was. Skielik het sy gedink sy hoor hom roep na haar. Hoop het opnuut opgevlam. Sy moes almal oortuig dat sy glo sy het hom gehoor. Na ‘n hele dag se werk in die rommel het hulle haar seun gekry. Hy was, ek dink vir agt dae, onder die materiaal.
Ontwater en half dood is hy daar uitgehaal en gered.
Sy het aanhoudend daarna gesê dat sy nooit hoop verloor het nie.
Soms is ons skepties dat enige iets moontlik is as ons so vashou aan hoop.

Om te hoop is nie net om te glo sonder ‘n bewys nie, maar om te hoop op dit wat ons nog nie gesien het nie.
Die beloning van hoop is om op die einde te sien – die resultaat bewys homself.

Ons dink soms dat uitdagings ons terughou. Nee, hulle maak ons inteendeel sterker. Die lesse wat ons moet leer is net nie maklik nie.

Net iets oor negatiewe gedagtes:
Meeste mense het hulle.
Negatiewe gedagtes blokkeer jou visie en vertroebel jou uitkyk.
Hou vas aan Christus se beloftes.
Moet nie konsentreer op wat buite jou liggaam gebeur nie.

Ek weet God is goed.
Hoop is nie om te glo dat God kan nie. Dit is om te weet dat Hy wil. As Hy iets toelaat en slegte dinge gebeur, mag ek dalk nie verstaan nie, maar ek weet, ek kan vashou aan Sy goedheid.

***Psalm 46:10;***
‘Wees stil en laat staan en weet dat Ek God is’.

God se belofte kom gee Hy vir ons in ***Psalm 32:8;***
‘Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees’.